**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE-VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Hersiening No. 414/2004

In the hersiening tussen:

**DIE STAAT**

en

**SERAME KARELI**

---

**CORAM:** **BECKLEY, R**

---

**GELEWER OP:** **8 APRIL 2004**

---

Beskuldigde het in die Landdroshof tereggestaan op 'n aanklag van aanranding met die opset om ernstig te beseer. Hy het skuldig gepleit en het verduidelik dat hy die klaagster een maal met 'n baksteen teen haar kop gegooi het. Dit blyk dat die klaagster net 'n snywond teen die kop opgedoen het wat nie geheg is nie. Die besering kan derhalwe allermins as 'n ernstige besering bestempel word.

Dit blyk ook uit die oorkonde dat die beskuldigde 'n eerste oortreder is wat werkloos is, en dat hy nie in staat sal wees om die opgelegde boete van R800,00 te betaal nie. Die resultaat sal dan wees dat hy gevangenisstraf sal moet ondergaan van vyf maande.
Toe die landdros gevra is vir redes vir die opgeledge vonnis, het hy gemeld dat dit, onder andere, in ag geneem is dat die slagoffer 'n vroulike persoon was, dat sy teen haar kop, naamlik 'n gevaarlike en sensitiewe deel van haar liggaam getref is en dat die hof moet poog om, deur die

vonnis wat opgelê word, ‘n duidelike boodskap aan die gemeenskap te stuur dat geweld teen vroue en kinders nie geduld sal word nie.

Alhoewel ek met alles saamstem wat die landdros in sy redes meld by die opgelegde vonnis, meen ek nie dat die vonnis bekragtig kan word nie, aangesien dit na my mening treffend onvanpas is. In die omstandighede meen ek dat ‘n vonnis opgelê behoort te word wat opgeskort word in die geheel.

Bygevolg word die skuldigbevinding bekragtig. Die opgelegde vonnis word tersyde gestel en vervang met die volgende:

> **Die beskuldigde word beboet met R500,00 (Vyfhonderd Rand) of by wanbetaling van die boete, om vyf (5) maande gevangenisstraf uit te dien. Voormelde vonnis word opgeskort vir ‘n periode van drie (3) jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie weer skuldig bevind word aan aanranding met die opset om ernstig te beseer, gepleeg gedurende die periode van opskorting nie.**

**A.P. BECKLEY, R**

/scd